
**CACHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. — In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXXI — VRYDAG 13 FEBRUARIE 1976

**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers (Edms.) Bpk.**
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

# 1976 - jaar van groot dinge



Mnr. Johan Pretorius is die S.S.R. voorsitter vir 1976. (Foto: Fotokuns).

**INDIEN dit nodig en moontlik is om iemand in sy eie huis welkom te heet sê ek vir u baie welkom. Dit is lekker om terug te wees na 'n lang en uitputtende vakansie, nietemin behoort u te kan uitrus voor die uitputtende Aprilvakansie.**

1975 het desentralisasie en struktuurveranderinge gebring wat noodwendig groter kontak en betrokkenheid vir 1976 voorspel het. Nou het 1976 ons getref met al sy geweld en uitdagings. Dit is nou ons almal — eerstejaars, seniors en studenteleiers saam, te taak om al die mooi wat 1975 belowe het, nou te verwesenlik. Daarom is dit u plig om in belang van die PUK en sy studente krities te staan teenoor die studenteleiers, sonder om negatief of wantrouend te wees.

1976 bring egter ook sy eie probleme en vraagstukke mee wat nie altyd op die ou maniere opgelos kan word nie — 'n ossewa sukkel maar op 'n teerpad. 1976 vra van elkeen dan ook 'n openheid en aanpassing: vernuwing moet altyd kom sover dit prakties en sinvol is, en versoenbaar is met die unieke karakter van ons Alma Mater waarop ons trots is en wat ons uitdra. In 1976 sal en móét daar dus verandering kom, maar nooit verandering bloot ter wille van verandering nie.

So vra 1976 steeds groter kontak tussen Pukke onderling, tussen studenteleier en student, tussen student en owerheid. Alleen so sal ons 'n betrokke, gelukkige en spontane PUK-massa bly.

Ontspanning is iets wat veral met SSR-verkiesing ter sprake kom, dan vergeet word om dan weer met die volgende SSR-verkiesing soos 'n skim uit die niet (dit klink mooi) te verskyn. 1976 vra dat daar meer gedoen word en minder gepraat word.

Studentelewe is nie iets wat *aangebied* moet word nie, maar iets wat elkeen self moet *belewe*. Die PUK bied hier vir u 'n unieke geleentheid: gryp dit met albei hande, voete en tande (gebruik soveel tande moontlik. Saam sal ons 1976 die jaar van die PUK en die jaar van die student kan maak.

# MASSABRAAIVLEIS OP EIE BODEM

**MIN Pukke weet seker dat daar langs die Mooirivier 'n braaivleisplek spesiaal vir studente aangelê is. Op Donderdag 19 Februarie kan die seniors proe hoe vleis smaak wat daar gebraai is, met die massabier-en-braai wat deur die Kultuurraad aangebied word.**

Boonop word alle seniors daarna uitgenooi na die Seniorprogramaand in die Totiussaal. Voorwaar 'n goeie begin vir die Kultuurraad!

Volgens mnr. Gert Cilliers, voormalige burgemeester van ons buur-republiek Tarentaal, is vrugtefeeste se tyd verby, veral vanweë vrugtepryse. Daarom is eerder op 'n massabraaivleis besluit. Onderkant die krieketnette op die Fanie du Toit is dan ook die ideale plek, met genoeg ruimte en beligting, gevind. Alle Pukke word dus hartlik uitgenooi om vanaf 5 nm. te kom deel in die fees. Aangesien vleis deesdae die duurste is, word dit voorsien en hoef Pukke net hul eie „koel"-drank saam te bring.

Na afloop van die braaivleis, so teen 7-uur, halfagt se kant, beweeg die massa na die Totius vir die Seniorprogramaand. Hierdie jaar se sterre is Alabama (weer terug na hul afwesigheid van verlede jaar), die Puk-koor met 'n oulike klompie ligte liedjies, asook 'n paar begaafde Pukke in 'n verskeidenheid items. Varia, die komitee wat die Seniorprogramaand reël, het baie moeite met die organisasie gedoen, en dit beloof om groots te wees.

Vir dié geleentheid word seniors se smaak in ag geneem en so min moontlik eerstejaars toegelaat. Daar is nl. 'n tweede sessie vir die dore en drake, asook een op Woensdagaand. Dus, Pukke, kom en geniet julle gate uit op Donderdagaand.

# HOEKOM NOG ORIËNTERING?

**AAN die begin van 1976 het verskeie universiteite in die pers aangekondig dat alle vorme van „ontgroening" van eerstejaars afgeskaf word. As met „ontgroening" 'n tipe afranseling bedoel word, kan 'n mens net sê: goed so!**

Die ware aard van ontgroening (die woord wat die ouer garde ons laat erf het) het met die tyd vervaag — dit het soms die vorm van verskuilde mishandeling gekry. Die feit dat dit 'n inburgeringsproses behoort te wees, het die meeste mense (en studente!) al vergeet. Daarom ook ons „Puk-woord" nl. oriëntering.

Op die Puk het oriëntering (kom ons wees modern en gebruik die „nuutste" woord) nog nooit tot buitensporighede aanleiding gegee nie. Ek wil dit aan die betreklike goeie gesagsbesef van die gemiddelde Puk-student toeskryf. Dit was egter in die verlede nodig om 'n keer of wat voorraadopname te neem. Dit het 'n kommissie dan ook aan die einde van 1974 gedoen.

Daaruit het baie goeie dinge voortgevloei, soos bv. die SSR-HK-kamp en 'n betrokke massa in 1975. (Pops kan immers nie al die eer kry nie!) As gevolg hiervan is daar nog oriëntering op die Puk.

Die ware aard van oriëntering lê m.i. daarin dat 'n eerstejaarstudent, 'n vreemde op die Puk, binne 'n bepaalde gesagstruktuur, 'n volwaardige lid van sy nuwe gemeenskap gemaak word. Hierdie stelling staan op twee pilare, nl. die gesagstruktuur en die gemeenskap, nl. die Puk. As Christene en Calviniste besef ons die onontbeerlikheid van gesag en ook dat ons binne 'n bepaalde gemeenskap met bepaalde gebruike en tradisies, staan. Dit is dus nodig dat die eerstejaar onder die indruk van beide die gesagstruktuur en die gebruik van die gemeenskap moet kom. In kort beteken dit dat lojaliteit gekweek word.

Met die oriëntering van 1976 het die Pukseniors (en ook die eerstejaars) dus 'n groot taak. Die seniors nie om te „wys wie's baas nie" en die eerstejaars nie om „hardekwas" te wees nie. Nee, volgens die riglyne hierbo moet die seniors as volwasse Pukke meewerk om hierdie inburgering en lojaliteitkweking 'n werklikheid en selfs 'n aangename herinnering vir eerstejaars te maak.

Van die eerstejaars word verwag om hulle oop te stel hiervoor en hulself beskeie en op hul plek te hou. Want eerstejaars het, net soos tweedejaars, 'n spesifieke plek teenoor die seniors op die Puk. Probeer jou bes om in hierdie nuwe, interessante gemeenskap in te skakel: dis die moeite werd!

## DENKERS?



Nadenkende eerstejaars in Liberalia se sitkamer afgeneem tydens verlede jaar se oriëntering. Dit lyk asof die ou manne die drake en geestesfrekwensie tot groot hoogtes aanspoor. Die primarius van 1975, Kallie Opperman, hou regs agter 'n wakende ogie oor die verrigtinge. Uit ingeligte bronne word verneem dat nie een van die eerstejaars blywende letsels oorgehou het nie. (Foto: Fotokuns.)

## VOORKOM FRUSTRASIE

Doen 'n vroeë

Registrasie

BULT-APTEEK
ONS KEN U BENODIGDHEDE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89B en C — Tel. 5943 en 3377
STUDENTE-APTEEK
—WP

die WAPAD

# SPESIALE WAPAD

DIE verskyning van hierdie Wapad is iets buitengewoon. Dit word om twee redes gedoen:

1) om as verwelkoming te dien aan alle seniors en aan hulle so 'n kykie te gee in die oriënteringsweek;

2) om die eerstejaars by voorbaat „tuis"(?) te laat voel. Hulle moet besef die Wapad is 'n integrale deel van die studentelewe — net soos die studentepret, gees en sport wat in oriëntering beoefen word.

Die Pukke moet hierdie Wapad ook sien as 'n poging van die redaksie se kant om elke student betrokke te kry (en te hou!) in 1976.

Dis heel eenvoudig: die redaksie gaan sy deel doen en elke Puk gaan ook saamhelp. Met daardie wisselwerking gaan die Wapad dié koerant wees om menings te toets, te vorm, standpunt te stel (selfs radikaal te verskil) en les bes ook van alle nuus en gebeurtenisse te hoor.

Dit word soms gesê die koerant is die spieëlbeeld van die gemeenskap. Te meer geld dit vir die studentegemeenskap omdat ons so nóú saamleef en in alles mekaar se plesier en swaarkry deel. (Die geleerde mense noem dit solidariteit.)

Daarom gaan die Wapad die neerslag wees van wat ons studente dink en doen.

Om saam te vat: Hierdie spesiale Wapad toon die erns waarmee die redaksie hulle taak aanpak. In dieselfde mate verwag hulle dit van die deursnee Puk-student.

Daarom: laat ons werk en skryf, gesels en iets groots daarvan maak!

# HIERDIE JAAR NA 1975

SO by die begin van 'n nuwe jaar is dit tog goed om 'n bietjie bestekopname te maak van dit wat vir altyd verby is en dit wat voorlê.

Laat gerus u gedagtes bietjie gaan oor 1975 en daar sal bepaald 'n paar bakens wees wat uitstaan bo die ander. Op persoonlike vlak het ons elkeen ons besondere herinneringe. Dit is noodsaaklik om daaruit te leer maar nie krampagtig daaraan vas te hou nie. Paulus is dit wat gesê het hy vergeet die dinge wat agter is en strek hom uit na wat voor lê. In daardie gees pak ons 1976 by die horings.

Ook die breëre studentelewe moet só bekou word. Kom ons gooi 'n paar ankers uit en werk daarvolgens:

● „POPS" het die Puk baie in die nuus gehad verlede jaar. Hierdie jaar sal opnuut nadenke bring oor die sake. Kom ons doen dit op die regte maniere en net as studentegemeenskap. (Hier geld die spreuk: Doen jou bes en vergeet die res!)

● Daar is baie gekou en geherkou oor die hare, modes, reëls ens. In 'n brief van die rektor aan alle studente is die saak duidelik uitgestippel, m.a.w. 'n vaste omlyning van mans- en damesmodes is daargestel en die lug is gesuiwer van misverstande. Dit lyk na 'n uitdaging om positief te reageer op die beroep.

● Daar was soms groot ongerief as gevolg van die bouery. Die bouery vorder fluks en sal baie van die huidige Pukke nog die nut hê van die nuwe opvoedkundegebou, studentesentrum en andere. Intussen moet 'n mens gewoond raak daaraan. Dis al deel van 'n lewenspatroon hier.

● Die eerstejaars is skynbaar ietwat minder as vorige jare. Ook dit is te verwelkom omdat dit die las op huiskomitees en die S.S.R. effens verlig. Daar het trouens van die S.S.R. 'n versoek in dié verband na die owerhede gegaan verlede jaar.

Omdat die eerstejaars minder is moet hulle dus te meer van die geleenthede gebruik maak. Die seniors sal hopelik daarin goed toesien!

Bogenoemde is maar enkele pylers. Hierdie jaar bied dalk baie meer vooruitsigte as die afgelope.

Kyk dus of u nog kan verbeter op die vorige jaar.

Aan die eerstejaars: Julle sal hard moet werk om ware Pukke te word. Doen dit gerus — dis alles die moeite werd.

WESVALIA BOEKHANDEL

ONS HET NET WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF

Posbus 20060
Tomstraat 84 Tel. 6660
POTCHEFSTROOM

—WP

Beveg
INFLASIE
doen gou
REGISTRASIE
anders
ARRESTASIE
(na 8 Maart)

# Nuwe studentehandboek

**VANWEË die struktuurverandering van die SSR verlede jaar, moet 'n „nuwe" studentehandboek geskryf word. Hiervoor is ou en nuwe Besembosse deurgegaan en verskeie SR-verslae bestudeer. Die studentehandboek is laas in 1971 oorgeskryf.**

Die nuwe publikasie is op daaglikse bruikbare praktiese inligting gerig. Ook seniors kan met vrug die alfabetiese indeks agterin gebruik vir die naslaan van algemene sake.

Enkele „nuwe" sake is o.a. meer klem op studente-inspraak, die inter-universitêre toneel in S.A. en hoe die SSR verkies word en wat hul pligte is.

Mej. Sophia van Wyk, voormalige primaria van Wanda (Fort) het die illustrasies gedoen — dit word dus heel aantreklik aangebied.

Aan die einde van elke hoofstuk is daar konsentrasievrae, om eerstejaars 'n aanduiding te gee wat hulle in die bros eksamen kan verwag. Alhoewel dit dus nie die vraestel gee nie, behoort dit 'n goeie slaagsyfer te besorg.

## ONTHOU

- Registrasie begin 12 Februarie.
- Registrasievorms by fakulteitssekretarisse. Daar kan tot 5 Maart geregistreer word — daarna R10 boete.
- Registrasiegelde: R20 voorgraads, R30 nagraads.

# Uit die Woord

*Psalm 27 : 10: „Al sou my vader en my moeder my verlaat, die HERE sal my in sy sorg neem".*

**ELKE nuwe jaar hou vir ons as studente by al die vreugde ook iets hartseer en tragies in; want oor elke nuwe jaar val die skaduwee van totsiens sê, van bande lossny.**

Miskien is jy 'n eerstejaar, wat die eerste tree na selfstandigheid gee — buite die „veilige" kring van jou ouerhuis. Miskien is jy 'n tweede- of derdejaar wat met 'n skok die afgelope vakansie besef het dat huis nie meer huis is nie — in 'n sekere sin het jy 'n gas geword by jou ouerhuis, want jou lewe het 'n eie koers en bestemming. Of miskien kom jy vanjaar terug met die besef dat jou laaste jaar as student voorlê en dat vanjaar die drumpel na 'n ongenaakbare lewe daar buite is.

Die digter van Psalm 27 noem vreeslike bedreiginge: misdadigers wat hom miskien kan doodmaak, 'n leër wat teen hom stelling kan inneem.. en dat sy vader en moeder hom kan verlaat. Dis nie duidelik of die vader of moeder opsetlik hom verlaat nie en of hulle hom laat gaan, miskien as gevolg van omstandighede. Albei interpretasies is moontlik. Een ding is egter duidelik: Ook die alleen-in-die-wêreld-agtergelaat-wees, sonder naaste familie, ook dit is 'n verskrikking. Die Psalmdigter noem dit aan die einde van sy opgawe van bedreiginge asof dit die ergste van alles is.

Die Bybel ontken nie die hartseer van tot siens sê, van paaie wat uiteengaan nie. Die Bybel is nie blind vir die probleme van nuwe verantwoordelikhede, waar 'n mens as 't ware aan jouself oorgelaat is nie. Dit is vreeslik om uit die nes geskop te word (hetsy opsetlik of omdat die lewe onvermydelik voortgaan) en 'n eie pad te soek. Alle menslike verhoudinge gaan verby, hoe mooi en belangrik sulke verhoudinge ook al mag wees: vriend-vriend, kind-ouer, selfs man-vrou.

Tog... in God vind ons 'n sekere band wat nooit vergaan nie. As die seepbel van ons aardse kameraadskappe en verwantskappe bars — ook dié van 'n huisgesin — dan neem DIE HERE ons in sy sorg. Hy neem ons aan huis — in dié permanente Vaderhuis met sy baie woonplek.

By al jou verlange — is jou begeerte ook die volgende?:

*„Net een ding het ek van DIE HERE gevra*
*en dit sal ek najaag:*
*dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon*
*om sy vriendelikheid te belewe*
*en daaroor na te dink in sy tempel" (Psalm 27 : 4).*

UITSLEEP



VIR AL U ETES BINNE SLEEPAFSTAND

VERWELKOM ALLE PUKKE EN EERSTEJAARS NA DIE VAKANSIE

—WP.

# CHEMISE OF HAREMBROEKE?

**EK het hierdie vakansie 'n bietjie by die modekenners gaan kuier en dit wil voorkom asof die modes vir 1976 as volg daar gaan uitsien.**

SOMERMODES

Die kleure is hierdie jaar helderder sonder om skerp te wees. Wit en roomkleur loop egter nog losvoor in Parys. Die materiaal neig na absolute uiterstes: vanaf growwe denims en handdoekstof na sy, satyn en 'n delikate voile.

Die lengte bly 'n individuele saak, solank die knie net bedek is. Strepe na enige kant toe verskyn telkens in die somermodes en nourokkies is baie populêr, want die klem val hierdie somer op die skouers (en nou moes dit natuurlik feitlik die hele vakansie reën!).

Denim-materiaal bly egter nog bobaas. Dis denims vir enige geleentheid en die „army-look" geniet nog steeds voorkeur. Eienaardig genoeg is die bykomstighede en versierings van die uitrustings fyn en vroulik.

Die Oosterse invloed duik orals op: van die opslaan- of Chinese kragie met die tuniekbaadjie (wat oorslaan en links vasknoop), tot die wye harembroek wat bokant die enkels ingevat word. (Asseblief net nie laasgenoemde vir die kampus nie!)

Hier volg 'n paar mode-aanduiders en dis artikels wat 'n modebewuste meisie sal uitwys: skoene wat opryg tot bokant die enkels; 'n „oumasjaal" — so 'n kleintjie met graailings. Hy word orals heen gedra, by sonrokkies en selfs by 'n denimbroek gedurende die dag, vir daardie tikkie vroulikheid, 'n oumahandsakkie (een wat so uitbol en bo saamgevat word) en laastens seintuur. 'n Bruikbare seintuur is lank en smal, wat op tossels eindig en verskeie kere om die middel gedraai word. Die beurshandsakkie kan selfs daaraan hang.

Skaf vir jou hierdie paar goedjies aan en jy is *IN!*

WINTERMODES

Die volgende kleure gaan hierdie jaar se wintermodes begelei: roesbruin („bracken rust"), „lichen green", „forest rose" (wat herinner aan 'n paar seisoene gelede se pruimkleur, maar met ietsie wits in), „eucaluptus blou", „birch grey" en „safari".

Die winter sal gekenmerk word deur lang, loshangende uitrustings, leerstewels en lang serpe wat 'n drieledige doel dien: sommer los om die nek, of eenkeer geknoop, as 'n hooftooisel soos die van 'n Arabier, of 'n paar keer om die middel gedraai.

Die reeds bekende en geliefde „chemise" staan weer heelbo op die lys. En raai, handskoene is weer in: van die deftigste leerhandskoene tot die snaakste wolhandskoene sonder vingers.

'n Tipiese wintersuitrusting sal dus as volg daar uitsien: 'n Roeskleurige „chemise" met 'n fleurige bloes wat met 'n lang strik bo vasmaak. Daarmee saam 'n dik loshangende trui met breë kraag en diep sakke. Die serp draai 'n paar keer om die kop en leerstewels met bypassende handskoene voltooi die uitrusting.

Ons sien uit na 'n vrolike en veral vroulike 1976!



So 'n veelsydige pakkie, met die regte bykomstighede is voorwaar 'n juweel in enige studentenooi se klerekas. Die Klere is van André's Boutique. (Foto: Fotokuns).

# Besembos—waarheen?

**BESEMBOSVERKOPE het die afgelope jaar al hoe meer afgeneem, ondanks groot moeite deur medewerkers om die blad te vernu en aan te pas. Meer foto's is geplaas, groter ruimte aan koshuise ens., maar niks het gehelp nie. Intussen het drukkerskoste en papier se pryse verdriedubbel.**

Die Besembos van 1975 het R6,20 gekos om te laat druk. Advertensies het ± R1,00 daarvan gedelg, sodat die netto koste R5,20 is. Ten spyte daarvan word die penningmeester van die SSR gedwing om die Besembos teen R1,00 te verkoop.

„Al hierdie feite het daartoe gelei dat die bestaan van die Besembos in sy huidige vorm in die weegskaal is", het mnr. De Wet Mulder, SSR-penningmeester in 'n onderhoud met die Wapad gesê.

Dit lyk dus asof, mits daar iets drasties gebeur, die Besembos wat die afgelope paar dekades die amptelike jaarblad was, tot niet sal gaan. Die antwoord lê miskien daarin om die vorm van die Besembos minder luuks te maak en by die massa te hoor presies wat hulle in die Besembos wil hê.

N.S.: Daar is nog 600 Besembosse by die SSR-kantoor te koop teen R1,00 stuk.

# KOOP DIE TYD UIT

**HIERDIE boodskap is in besonder gerig tot die eerstejaars wat na oriëntering in 'n groot mate op eie stoom die studentelewe moet invaar.**

Almal weet van die voortdurende geweeklaag oor die ontspanningsgebrek op die Puk. Dié eerstejaars wat nog nie daarvan gehoor het nie sal stellig binnekort daarvan hoor.

Mense is te geneig om sommer net saam te skreeu sonder om 'n bietjie na te dink. Hier vind hulle 'n geleentheid om te kritiseer — een van die kenmerke van die neo-liberalisme van die huidige tydvak — op 'n skinkbord aangebied, waarom dan nee sê?

Die feit dat verskeie hoofen onderliggame van die Studenteraad gereeld programaande en dies meer aanbied word gerieflikheidshalwe oor die hoof gesien. Wat meer is, omdat die seniors van jou as eerstejaar vereis om hierdie aksies by te woon, vind jy hierin ook geleentheid om te rebelleer, want pas uit die huis of weermag, is jy nou oorbehep met jou-eie-baas-wees. In die proses onderstreep jy egter maar net die feit dat jy nog nie ryp genoeg is om ten volle tussen voordeel en nadeel te onderskei nie.

Nou 'n goedbedoelde stukkie raad: Werp jou uit want uit ten volle in die georganiseerde studentelewe en jy sal uitvind hoe min tyd oorbly om jou te bekommer oor wat om te doen. Moenie jou vir tydverdryf wend tot drank, bevraagtekenbare avonture met lede van die teenoorgestelde geslag en ander ongesonde vermaak nie. Volkome bevrediging lê nie op daardie terreine nie. Ook pas dit allermins nie by die gees van ons universiteit nie en jy was bewus van die standpunt vóór jy ingeskryf het. Dus moet jy jou daarby neerlê.

Aktiewe deelname aan die georganiseerde studentelewe help jou om 'n onafhanklike denke te ontwikkel en ook om 'n geestelike paraatheid teen die liberale tydsgees op te bou.

Meer as een persoon het al erken dat hy tot sy spyt nie eerder die georganiseerde studentelewe ontdek het nie. Moenie dat dit jou ook oorkom nie. Begin nou en koop die tyd uit.

*(Geneem uit Wapad, 8 Maart 1974.)*

# DIÉ WEEK!

Donderdag 12 Februarie, 08h00: Registrasie.
Vrydag 13 Februarie, 19h30: Amptelike opening van die Puk.
Saterdag 14 Februarie, 14h00: Eerstejaarsatletiek.
Maandag 16 Februarie, 08h00: Klasse begin, 18h30: Kenmekaar.
Dinsdag 17 Februarie, 18h30: Kenmekaar, 20h00: Burgemeester van Tarentaal.
Woensdag 18 Februarie, 18h30: Kenmekaar, 19h30: Seniorprogramaand (eerstejaars).
Donderdag 19 Februarie, 17h00: Massa bier-en-braai — Fanie du Toit, 19h00: Seniorprogramaand (seniors), 21h00: Seniorprogramaand (eerstejaars).
Vrydag 20 Februarie, 19h00: Samekoms in Totius.
Saterdag 21 Februarie, 19h30: Verwelkomingsfunksie en Four Jacks and a Jill.

WELKOM!!

CACHET APTEEK

(J. P. van der Walt (Dip. Farm.)

TOMSTRAAT 92 — TEL. 4201

U PLUS APTEEK OP DIE BULT

BESOEK ONS OOK VIR:

WIT JASSE

DISSEKTEERSTELLE

METRIEKE GEWIGTE

ALLE ANDER BENODIGDHEDE

Ons is klein genoeg om u te ken

Groot genoeg om u te dien

—Wapad.

# ORIËNTERINGSPROGRAM

**NADAT die eerstejaarsdore en -drake in die eerste week van oriëntering hoofsaaklik bekend gestel is aan die lewe op die Puk bestaan die tweede week daaruit dat nuwelinge ondervind hoe die Puk lyk as die „ou manne" en „ou dames" ook deel uitmaak van die „lewe".**

Vanweë belangrike reëlings wat getref moet word, word Vrydagaand 13 Februarie om 21h00 (9 uur nm.) oral in die koshuise vergaderings met alle seniors en HK's gehou. Daarna sal die fase van oriëntering wat die samewerking van seniors insluit, begin.

Op Saterdag 14 Februarie word die gebruiklike eerstejaarsatletiekbyeenkoms op die Fanie du Toit gebou. Ons het nou al gewoond geword dat die Puk van die beste skoolatlete trek en dit behoort dus 'n voortreflike byeenkoms te wees.

Maandagaand om 19h30 verwelkom Johan Pretorius sy mede-seniors terug op die Puk. As die weer dit toelaat sal hierdie „verwelkoming" (met al die byklanke) op die kampus plaasvind. Dinsdagaand kry ons buurrepubliek Tarentaal se eerste minister ook sy kans. Ons verneem vertroulik dat sy edele ook 'n paar lyfwagte saambring.

Op Woensdagaand kry die eerstejaars kans om te sien waartoe die Pukke in staat is, met die Seniorprogramaand. Na die massabraaivleis op Donderdag, kry die seniors dieselfde geleentheid. Op Vrydag word die eerstejaars verplaas en met die Ontheffingsdinee kom nog 'n oriënteringstydperk tot 'n end.


Pukke geniet dit. Julle, seniors en tweedejaars en ook julle, eerstejaars.

# SSR-HK-KAMP

**DIE afgelope SSR-HK-kamp te Golden Gate was net soos verlede jaar, 'n reuse sukses. Die kamp was nl. daarop gemik om 'n algemene kontinuïteit t.o.v. kampussake te verkry.**

Sake soos oriëntering, karnaval, intervarsity, ens. is bespreek. Konsensusse is bereik oor hierdie sake en dit beloof om goeie vrugte af te werp wanneer die tyd daarvoor aanbreek.

Alhoewel daar baie besprekings oor die sake gevoer is, is daar ook besondere kontak tussen die SSR en die HK-lede opgebou. Dit was ook 'n besondere geleentheid vir die leiers om hulle medeleiers te ontmoet en te leer ken. Skakeling tussen koshuis onderling sal hierdie jaar ook daardeur bevorder word.




**SLEUTEL TOT SKETSPLAN**

1. Johannes van Roos-huis
2. Dawie du Plessis-huis
3. Sentrale Eetsaal
4. Heide
5. Karlien
6. Wag-'n-Bietjie
7. Vergeet-my-Nie
8. Eetsaal
9. Kasteel
10. Fort
11. Duikweg
12. Hoofgebou
13. Gebou vir Geografie, Geologie, Beplanning en Bodem'-nde
14. De Klerk-huis
15. Lettie du Plessis-eetsaal
16. Piet Grobler-huis
17. Klawerhof
18. Oosterhof
19. Voorgestelde gebou vir Ekonomiese Wetenskappe
20. Voorgestelde gebou vir Opvoedkunde en Psigologie
21. Frans du Toit-gebou
22. Ferdinand Postma-biblioteek
23. Totiussaal en Kafeteria
24. Administrasiegebou
25. Plantkundegebou
26. Dierkundegebou
27. Voorgestelde Administrasiegebou Die gebou vir Ekonomiese Wetenskappe is tans nog daar
28. Mikrobiologie- en Spraakleer en Dramagebou
29. Voorgestelde Studentesentrum
30. Huishoudkundegebou
31. Biochemiegebou is tans hier geleë
32. Fisikagebou
33. Chemiegebou
34. Industriële Chemiegebou
35. Farmaseutika- en Farmakologiegebou
36. Wiskunde-, Statistiek- en Rekenaarwetenskapgebou
37. Voorgestelde gebou vir Biologiese Wetenskappe
38. Skuureetsaal
39. Skuur
40. Tegniese Departement
41. Fisiologiegebou
42. Psigologiegebou
43. Heimat en Uitspan
44. Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunstegeboue

# Rugby 1976 — 'n krisis ?

**DIE jaar 1976 gaan vir Puk-rugby 'n moeilike een wees. Verlede jaar is beplan om hierdie jaar 'n voltydse afrigter te hê. Mnr. Stoney Steenkamp van Bloemfontein, wat hiervoor genader is, het die aanbod egter van die hand gewys.**

Vanweë sy verpligtinge as sameroeper van die nasionale keurkomitee sal prof. Johan Claassen nie voltyds beskikbaar wees nie.

Die direkteur van die Sportinstituut, mnr. Piet Malan, het die Wapad meegedeel dat die eerste span nou deur mnr. Willem Scott, verlede jaar se 1B-afrigter, onder hande geneem sal word. Mnr. Scott, wat jare lank vir die Puk agsteman gespeel het, behoort hom goed van sy taak te kwyt. Hy ken studenterugby en die spelers en het al 'n jaar of wat se afrigondervinding.

Die 1B's se afrigter sal mnr. Piet Brand, bekende Puk- en Wes-Transvaalspeler, wees. Hy het finaal besluit om die stewels op te hang, maar wil nog tyd aan rugby bestee. Vir die o.20's is daar mnre. Spekkies de Villiers en Charl Cilliers. 'n Onder 19-span sal deur Jim van Rensburg, voormalige Pukkaptein, afgerig word.

Met betrekking tot spelers is daar ook 'n groot nood. Verskeie staatmakers is nie weer beskikbaar nie. Manne soos Willie de Bruyn, Piet Brand en Hennie Saayman sal gemis word. James Stoffberg en Sors Greyling is darem nog (onder andere) terug. Daar sal nietemin nuwe talent bykom, veral uit verlede jaar se kookwater o.20-span.

As daar in 1976 goeie samewerking tussen Pukafrigters, koshuisafrigters en keurkomitee is, behoort Pukrugby bo uit te kom. Die houding dat die koshuis belangriker is as die Puk-spanne kan egter net skade doen. Ons hoop dat die manne se fiksheid sommer vroeg-vroeg reg sal kom!



Piet Brand, wat hier 'n Kovsie bykom tydens verlede jaar se Intervarsity, het finaal besluit om die stewels weg te pak. (Foto: Fotokuns.)

## Registreer vroegtydig

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

# PUK kry tennisafrigter

**'N BEKENDE tennisspeler op die Puk, mnr. P. T. (Pieter) Campher, is onlangs deur die sportinstituut as nuwe sportbeampte aangestel. Hy het nl. die spesifieke opdrag om as voltydse tennisafrigter die standaard van Puktennis te verhoog.**

Hy het groot planne en dink in die rigting van 'n tipe Suikerreeks in Wes-Transvaal, omdat die Puk-tennisspelers 'n gebrek aan teenstand in hul toernooie ondervind.

Mnr. Campher voltooi hierdie jaar sy H.N.O.D., met Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak. Hy en 'n ander P.U.-student, Charl Marais, het onlangs die professionele afrigtingseksamen geslaag en kan dus as 'n professionele afrigter praktiseer.

In die vier jaar wat hy al vir die Puk se eerstespan en Wes-Transvaal speel het hy reeds met vele bekende spelers afgereken.

Puk-tennis behoort baie by hierdie voorwaartse stap te baat. Tennis is 'n spel wat groot byval vind op die Puk en al wat by die goeie fasiliteite ontbreek het, was 'n voltydse afrigter.



Pieter Campher die nuwe tennisafrigter van die PUK. (Foto: Fotokuns).

# Kursus vir sportleiers

**OP Saterdag 14 Februarie om 8h30 bied die Sportinstituut en sportraad vir die eerste keer 'n opleidingskursus vir sportleiers aan. Dit sal die vorm van 'n blitskursus wees en vind in die Aardkundegebou plaas.**

Op 'n kampus waar sport 'n integrale deel van kampusaktiwiteite uitmaak, is dit hoogtyd dat so iets aangebied word. Die sportmanne behoort die geleentheid met albei hande aan te gryp.

Twee van die sprekers sal proff. W. H. Coetzee en Tjaart van der Walt wees. Prof. Coetzee sal oor motivering in sport en prof. Van der Walt oor leierskap in sport praat.

Mnr. Piet Malan het bogenoemde reëlings in 'n onderhoud met die Wapad bekend gemaak. Hy het 'n beroep op alle sportmanne gedoen en veral dié op die sportbesture om die kursus by te woon; veral omdat reëlings ten opsigte van die kanalisering van eerstejaars in die verskillende sportsoorte daar bespreek gaan word.

WELKOM . . . !

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom

—WP



**INSLEEP Restaurant**

WELKOM AAN ALLE PUKKE EN EERSTEJAARS

TOMSTRAAT 100
TELEFOON 6039

—WP